
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Vertroulik

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/**
**NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**DANSSTUDIES**

**MEI/JUNIE 2025**

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.**
**Hierdie vraestel moet in volkleur gedruk word.**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings met AGT vrae in totaal.

2. AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG (60 punte)
   - Beantwoord AL VIER vrae in hierdie afdeling.

   AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN GELETTERDHEID (90 punte)
   - Beantwoord AL VIER vrae in hierdie afdeling.
   - Jy het 'n keuse tussen VRAAG 7.2 en VRAAG 7.3. Indien jy albei vrae beantwoord, sal slegs die EERSTE antwoord nagesien word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Lees elke vraag aandagtig deur en neem kennis van wat vereis word.

5. By vrae waar 'n nasienrubriek verskaf word, neem kennis van wat vereis word.

6. Lees die AKSIEWERKWOORD by elke vraag om te sien wat vereis word.

   AKSIEWERKWOORDE WAT IN DIE VRAE GEBRUIK IS:
   LAEVLAK-VRAE: verduidelik, identifiseer, dui aan, maak 'n lys, kies, definieer, skryf
   MEDIUMVLAK-VRAE: verduidelik, bespreek, evalueer, skep, vergelyk, skryf, verskaf, staaf/motiveer, berei voor
   HOËVLAK-VRAE: evalueer, staaf/motiveer, bespreek, verduidelik, reflekteer/besin, verskaf, beskryf

7. Jy mag rofwerkbeplanning in die ANTWOORDEBOEK doen. Trek 'n streep deur enige werk wat NIE nagesien moet word NIE.

8. Jy sal geassesseer word op jou vermoë om:

   - Slegs in een taal te skryf
   - Spesialis-dansterminologie te gebruik, waar nodig
   - Inligting te organiseer en duidelik oor te dra
   - Die spesifieke formaat wat in sekere vrae vereis word, te gebruik

9. Skryf netjies en leesbaar.



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG

### VRAAG 1: BESERINGS


1.1 Verduidelik TWEE maniere waarop ELK van die volgende faktore 'n besering kan veroorsaak:

1.1.1 Vloer (2)

1.1.2 Temperatuur en/of ventilasie (2)

1.1.3 Kleredrag (2)

1.2 Verwys na die *Instagram Stories* hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




1.2.1 Identifiseer die dansverwante besering in die *Instagram Stories* hierbo. (1)

1.2.2 Verduidelik hoe RYKE gebruik kan word om die dansverwante besering wat in VRAAG 1.2.1 geïdentifiseer is, te behandel. (4)

1.2.3 Evalueer of die repetisieskedule hierbo tot die dansverwante besering wat in VRAAG 1.2.1 geïdentifiseer is, kon bygedra het. Staaf jou antwoord. (4)
**[15]**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 2: KOMPONENTE VAN FIKSHEID

2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

2.1.1 Reaktiwiteit word gedurende asemhalingsoefeninge ontwikkel. (1)

2.1.2 Sprongoefeninge ontwikkel krag in die beenspiere. (1)

2.1.3 Dinamiese strekking mobiliseer die gewrigte. (1)

2.1.4 Herhaling van oefeninge sal 'n danser se ratsheid verbeter. (1)

2.1.5 Kardiovaskulêre uithouvermoë kan deur statiese strekking ontwikkel word. (1)

2.2 Verwys na die foto hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



[Bron: https://i.pinimg.com/564x/73/41/24/73412468de17b5fa282c784aa73b2ca0.jpg]

2.2.1 Evalueer die rol van kernstabiliteit tydens die uitvoering van die beweging in die foto hierbo. Staaf jou antwoord met voorbeelde. (3)

2.2.2 Bespreek hoe die danser in die foto hierbo soepelheid in verskillende areas van die liggaam gebruik. (3)

2.3 2.3.1 Verduidelik hoe 'n gebrek aan uithouvermoë 'n danser se opvoering kan affekteer. (5)

2.3.2 Verduidelik hoe 'n danser uithouvermoë binne en buite die dansklas kan ontwikkel. (4)

**[20]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 3: ALGEMENE GESONDHEIDSORG**

3.1 Bespreek hoe slaap/rus tot optimale opvoering in dans bydra. (3)

3.2 Evalueer hoe die volg van 'n gebalanseerde dieet 'n danser se fisiese welstand verryk. (3)

3.3 Verduidelik hoe groepsdinamiek in die dansklas 'n danser se selfvertroue kan beïnvloed. (4)
**[10]**

**VRAAG 4: DANSOPVOERING**

4.1 Maak 'n lys van VYF verhoogkonvensies. (5)

4.2 Reflekteer/Besin oor hoe toewyding tot daaglikse oefening 'n danser se opvoering kan bevoordeel. (4)

4. 3 Noem jou hoofdansvorm.

Bespreek hoe die beginsels van jou hoofdansvorm tot die bereiking van bewegingskwaliteit bydra. (6)
**[15]**

**TOTAAL AFDELING A: 60**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN GELETTERDHEID

## VRAAG 5: IMPROVISASIE EN CHOREOGRAFIE

5.1 Gee EEN woord/term vir ELK van die volgende beskrywings deur 'n woord/term uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommers (5.1.1 tot 5.1.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| ritme; tempo; toonhoogte; sinkopasie;<br>harmonie; melodie; toonkleur; polsslag |

5.1.1 Hoe hoog of laag 'n noot is (1)

5.1.2 Die unieke klankkwaliteit van 'n instrument (1)

5.1.3 Die spoed van die musiek (1)

5.1.4 'n Herkenbare wysie (1)

5.1.5 Musieknote wat saamgespeel word om 'n aangename klank te skep (1)

5.1.6 Om die swak of halfslag te beklemtoon (1)

5.2 Definieer die volgende terme:

5.2.1 Improvisasie (1)

5.2.2 Choreografie (1)

5.2.3 Stimulus (1)

5.3 Bespreek hoe improvisasie jou kan help wanneer 'n dans gechoreografeer word. (6)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

5.4 Verwys na die foto hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



[Bron: https://i.pinimg.com/originals/b2/4c/47/b24c4712339560980d87b2d5eccda5c6.jpg]

5.4.1 Verskaf jou eie interpretasie van die opvoering wat in die foto hierbo getoon word. Staaf jou antwoord met voorbeelde. (4)

5.4.2 Beskryf hoe jy jou interpretasie, wat as antwoord op VRAAG 5.4.1 verskaf is, op 'n terreinspesifieke ruimte sal herskep. Staaf jou antwoord met volledige beskrywings van simboliese betekenis. (6)

**[25]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 6: DANSGELETTERDHEID**

6.1 Maak 'n lys van VYF funksies van dans. (5)

6.2 Skryf 'n paragraaf waarin jy die geskiedenis en/of ontwikkeling van jou hoofdansvorm bespreek. (10)

6.3 Skep 'n plakkaat wat kulturele en teaterdans vergelyk. (10)

**LET WEL:** Jy hoef NIE kleur in jou ontwerp te gebruik NIE.

Die rubriek vir VRAAG 6.3 word hieronder verskaf.

**NASIENRUBRIEK**

| | **KRITERIA** |
|---|---|
| **HOË VLAK 7–10** | • Kreatiewe ontwerp en uitstekende organisasie getoon<br>• Diepgaande begrip van kulturele en teaterdans<br>• Uitstekende vermoë om verskillende areas van kulturele en teaterdans te vergelyk |
| **MEDIUM VLAK 4–6** | • Voldoende/Goeie ontwerp en voldoende/goeie organisasie getoon<br>• Voldoende/Goeie begrip van kulturele en teaterdans<br>• Voldoende/Goeie vermoë om verskillende areas van kulturele en teaterdans te vergelyk |
| **LAE VLAK 0–3** | • Minimale/Geen ontwerp en minimale/geen organisasie is getoon nie<br>• Minimale/Geen begrip van kulturele en teaterdans nie<br>• Minimale/Geen vermoë om verskillende areas van kulturele en teaterdans te vergelyk nie |

**[25]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 7: DANSWERK**

Kies EEN danswerk wat jy bestudeer het uit die voorgeskrewe lys hieronder.

| INTERNASIONALE CHOREOGRAWE | DANSWERKE |
|---|---|
| George Balanchine | *Apollo* |
| Alvin Ailey | *Revelations* |
| Martha Graham | *Lamentation* |
| Christopher Bruce | *Ghost Dances* |

| SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE | DANSWERKE |
|---|---|
| Veronica Paeper | *Orpheus in the Underworld* |
| Vincent Mantsoe | *Gula Matari* |
| Alfred Hinkel | *Bolero* **OF** *Cargo* |
| Sylvia Glasser | *Tranceformations* |
| Mavis Becker | *Flamenco de Africa* |
| Hazel Acosta | *Blood Wedding* |
| Gregory Maqoma | *Four Seasons* **OF** *Skeleton Dry* |

Noem die danswerk wat jy gekies het en beantwoord die vrae wat volg.

7.1 Skryf 'n opstel oor die danswerk wat jy gekies het en sluit die volgende inligting in:

- Sinopsis/Tema/Intensie
- Bewegingswoordeskat en die simboliese betekenis daarvan
- Musiek/Begeleiding en die simboliese betekenis daarvan (15)

**LET WEL:** Die nasienrubriek vir VRAAG 7.1 is op bladsy 10.


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**NASIENRUBRIEK**

| | **KRITERIA** |
|---|---|
| **UITSTEKEND 12–15** | • Uitstekende vloei en organisasie van inligting<br>• Verskaf 'n breedvoerige sinopsis/tema/intensie<br>• Diepgaande begrip van bewegingswoordeskat en musiek/begeleiding en die simboliese betekenis daarvan |
| **BEDUIDEND 10–11** | • Goeie vloei en organisasie van inligting<br>• Verskaf 'n goeie sinopsis/tema/intensie<br>• Goeie begrip van bewegingswoordeskat en musiek/begeleiding en die simboliese betekenis daarvan |
| **VOLDOENDE 8–9** | • Voldoende vloei en organisasie van inligting<br>• Verskaf 'n voldoende sinopsis/tema/intensie<br>• Voldoende begrip van bewegingswoordeskat en musiek/begeleiding en die simboliese betekenis daarvan |
| **BEVREDIGEND 5–7** | • Basiese vloei en organisasie van inligting<br>• Verskaf 'n basiese sinopsis/tema/intensie<br>• Basiese begrip van bewegingswoordeskat en musiek/begeleiding en die simboliese betekenis daarvan |
| **NIE BEHAAL NIE 0–4** | • Minimale/Geen vloei en organisasie van inligting nie<br>• Minimale/Geen sinopsis/tema/intensie is verskaf nie<br>• Minimale/Geen begrip van bewegingswoordeskat en musiek/begeleiding en die simboliese betekenis daarvan nie |

**LET WEL:** Jy het 'n keuse tussen VRAAG 7.2 en VRAAG 7.3.
Beantwoord slegs EEN van hierdie vrae.

7.2 Verskaf 'n gemotiveerde opinie oor die opvoeringsvlak van die dansers in die danswerk. (5)

**OF**

7.3 Verskaf 'n gemotiveerde opinie oor die choreograaf se gebruik van produksie-elemente om die intensie van die danswerk oor te dra. Moet NIE na musiek/begeleiding in jou antwoord verwys NIE. (5)

**LET WEL:** VRAAG 7.4 is VERPLIGTEND.

7.4 Bespreek hoe analisering van die danswerk jou choreografiese proses kan beïnvloed. Staaf met voorbeelde. (5)
**[25]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 8: CHOREOGRAAF**

Kies EEN choreograaf wat jy bestudeer het uit die voorgeskrewe lys hieronder.

| SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE | INTERNASIONALE CHOREOGRAWE |
|---|---|
| Alfred Hinkel | Alvin Ailey |
| Gregory Maqoma | Martha Graham |
| Sylvia Glasser | George Balanchine |
| Veronica Paeper | Christopher Bruce |
| Vincent Mantsoe | |
| Mavis Becker | |
| Hazel Acosta | |

Jy het opdrag gekry om 'n toespraak voor te berei om die choreograaf by 'n Dans-en-Teaterkonferensie voor te stel. Noem die choreograaf wat jy gekies het.

Berei VIER wenkkaarte vir jou toespraak voor wat die volgende insluit:

- Agtergrond
- Dansopleiding en professionele loopbaan
- Invloede
- Toekennings/Erkenning/Bydraes

**NASIENRUBRIEK**

| KRITERIA | |
|---|---|
| **UITSTEKEND 12–15** | • Uitstekende organisasie van relevante inligting vir wenkkaarte<br>• Diepgaande begrip van choreograaf<br>• Hanteer al vier kolpunte op uitstekende wyse |
| **BEDUIDEND 10–11** | • Goeie organisasie van relevante inligting vir wenkkaarte<br>• Goeie begrip van choreograaf<br>• Hanteer al vier kolpunte goed |
| **VOLDOENDE 8–9** | • Voldoende organisasie van relevante inligting vir wenkkaarte<br>• Voldoende begrip van die choreograaf<br>• Hanteer al vier kolpunte op voldoende wyse |
| **BEVREDIGEND 5–7** | • Basiese organisasie van relevante inligting vir wenkkaarte<br>• Basiese begrip van choreograaf<br>• Hanteer al vier kolpunte op 'n basiese wyse |
| **NIE BEHAAL NIE 0–4** | • Minimale/Geen organisasie van relevante inligting vir wenkkaarte nie<br>• Minimale/Geen begrip van choreograaf nie<br>• Hanteer/Hanteer moontlik nie al vier kolpunte nie |

**[15]**

**TOTAAL AFDELING B: 90**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou
SA EXAM PAPERS
Proudly South African